

## [PROMOSIE] BUNDI ADVENTURES

## Met 'n kano deur bergwoestynlandskap

Vroegoggend het 'n visarend se kenmerkende roep ons avontuurlustige gevoel 'n paar kerwe laat styg, skryf **DOLF ELS** oor sy roeitog op die Oranjerivier.

Ons het die eerste oggend met 'n wakkerword-koffie in die hand gesit en tussen die vaalwit stamme van die rosyn-tjebome deur kon ons die bruin waters van die Oranjerivier sien toe die visarend skree.

'n Entjie ondertoe het die skuimende wit water van die eerste stroomversnelling geruis, heel gepas met die naam Morning Shower . . .

Ek en my vrou het die Oranjerivier kom roei. Die wegspring is by Bundi River Adventures se kamp 'n paar kilometer onderkant die grenspos by Noord-oewer aan die Namibiese kant.

Hier vloei die rivier breed en sterk. Die volgende drie dae sou ons 36 km op die rivier aflê deur 'n deel van die Richtersveld Nasionale Park se bergwoestynlandskap.

Ons gidse - Martin Mungongo, sy broer, Theo, en Poek Antonio - werskaf al van die vorige middag om die kano's en ander toerusting gereed te kry. Bundi bied jou die opsie om in kano's of die opblaas "croc's" die tog mee te maak. Volgens Martin is die kano's baie vinniger in die water, maar die "croc's" is verseker meer populêr en meer stabiel en veiliger in die stroomversnellings.

Ons is 'n groterige groep. Daar is drie gesinne van Durban en twee van Vis-hoek met tien kinders, die jongste ses jaar oud.

Dag een begin met ontbyt by Bundi se buitelig-eetplek aan die rivieroewer en 'n omvattende inligtingsessie oor wat voorlê.

Ons word onder meer voorgestel aan Dug, die spitgraaf en Loo-cille, die



Vriende geniet die "croc's" wat definitief die gewildste opsie is. Oranje(www.foto24.co.za:CTN20.0.2431195091)FOTO: DOLF ELS

draagbare toilet, wat saamgeroei word. Trouens, alles, van kosvoorraad tot tafels en kookgereedskap, word saamgeroei.

Van die begin af is die pas baie rustig en selfs Morning Shower se skuimende water 'n paar minute ná die wegspring, is meer geruis as gevaar. Almal bokspring maklik deur dié makkerige stroomversnelling.

Die rivier kerf 'n groen keep deur die dorre omgewing met enorme swart en bruin kranse wat loodreg uit die rivierwalle opskiet en oor die water toring.

Mens voel klein in jou kano as jy opkyk.

Ons roei verby indrukwekkende rotsformasies, verby Yellow Cliffs en Echo Cliffs en 'n reusagtige vingerafdruk in die bergwand met die gepaste naam Thumbprint. Plek-plek vernou die rivier

en dan roep Martin "enkelgelid!".

Die sterk stroom in die middel van die rivier maak die roeiwerk maklik en kortkort laat sak ons die spane en dryf net rustig saam. Van die roeiers klouter op 'n groot swart rots se ronde kop en spring uitgelate in die water.

Dan roep Martin al die kano's nader. Ons kry instruksies oor die volgende stroomversnelling met die onheilspellende naam Deadman's Rapid.

Toe ons om die effense draai kom, is dit duidelik dat hierdie geen Morning Shower gaan wees nie, eerder wasdag in 'n outomatiese wasmasjien.

Van die oomblik toe ek besef ons nader dié maalkolk teen 'n verkeerde hoek tot ons 'n paar meter van die kano af weer kop bo water kry, was maar 'n paar sekondes.

Agterna het ons en die enigste ander

omdoppers, toevallig die roeiers net ná ons, nabetrugting gehou. As jy jou reddingsbaadjie (wat aan elke roeier verskaf word) aan het en die gidse se basiese instruksies volg, kom jy gou by die oewer uit. Die gidse het die kano en spane ook gou uit die water gehaal.

Met ons vuurdoop agter die rug het ons die stroomversnellings oor die volgende twee dae, waaronder Entrance Exam en Baby Sjambok, makliker baasgeraak. Maar kort voor Groot Sjambok eindig die toer en kom Bundi ons met kano's en al haal.

Diegene wat 'n langer toer wil doen, roei verder tot by Aussenkehr-plaas waar die Gamkabrivier in die Oranje mond. Vir hulle lê Root of Hell, Rocky Horror en Snotklap nog voor.

Ons het opgehou voor ons die klap kon voel. . .

## Wat jy op jou roeitog kry

Wat maak dié roei-avontuur op die Oranjerivier die moeite werd?

Daar is die ongewone, dorre kliplandskap met sy pragtige berge, veral wanneer die laatmiddagson allerhande skadupatrone daarop teken, die breë rivier met sy bruin water en voëllewe.

Jy vergeet ook nie die stroomversnellings, interessante eilandjies, die groep van visarende teen die kranse, die kamp saans onder die helderste sterre en die rustigheid ver van die stadsgewoel nie. Wanneer laas het ek 'n groep volwassenes gesien wat in opgewonde afwagting na 'n wasigheid bo 'n swart bergspits sit en kyk en dan spontaan hande klap as die volmaan skielik groot en geel op die donker kranse tuimel?

En stadskinders wat nie genoeg kan kry van die swart riviermodder tussen hul tone en vingers nie?

Dié uitstappie is ideaal vir gesinne wat tyd saam in die natuur wil deurbring. Die roeiery is geensins vermoeiend nie en geen ervaring is nodig nie.

Bundi sorg vir feitlik alles. Neem net jou eie slaapgoed, drinkgoed en eetgerei saam.

Elke kano kry twee waterdigte houers vir jou persoonlike en slaapgoed, asook 'n koelhouer met ys. Die gidse sorg vir drie maaltye per dag. Daar is oorgevoegte plek op die kano vir diegene wat 'n tent wil saamneem.

■ Bundi River Adventures bied ook as opsionele bonus die keuse om op te gradeer na een van die en suite-kamers teen 'n bykomende koste van R495 per kamer per nag.

## Bespreek jou plek hier

Dis maklik om te voorspel dat baie mense uit ons stedelike gebiede na plekke van stilte gaan probeer vlug wanneer duisende sokker-entoesiaste binnekort op die land toesak vir die Wêreldbeker-toernooi.

As jy 'n plek soek waar dit voel of die tyd al miljoene jare stilstaan – iets wat jy graag met jou kinders wil deel – is 'n roeitog op die Oranjerivier deur die ongerepte Richtersveld net die ding vir jou.

Bundi vier vanjaar sy 15de bestaansjaar en het ook al baie kilometers op die Breërivier en die witwater van die Doringrivier in die Sederberge op sy kerfstok.

Daar is egter baie ander goed ook wat Bundi en sy vennote aanbied. Spanbou, jaareindgesellighede

en konferensie-naweke is maar 'n paar dinge wat deur Bundi gereël kan word.

■ Besoek Bundi se webtuiste by [www.bundi.co.za](http://www.bundi.co.za) vir meer inligting, of bel 021 975 9727 of stuur 'n faks na 021 975 9326 of e-pos na [admin@bundi.co.za](mailto:admin@bundi.co.za).

**BUNDI**



Kanovaarders in ontspanne luim na 'n dag se roei. FOTO: VERSKAF